# 28 *Maandag*

**SKRIFGEDEELTE: JESAJA 59 (OAV)**

**Oorsaak van ellende**

Van Adam en Eva af is dit eie aan die mens om altyd die oorsaak van sy ellende by iemand anders te soek. Jesaja het hierdie verskynsel ook by die volk van die Here raakgesien en stel die saak reg: Geen verlossing is moontlik sonder persoonlike bekering nie.

"Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie" (59:1). Dit was waarskynlik die volk se klagte in die moeilike omstandighede wat hulle beleef het. Dit is egter nie so nie. Israel se sonde is die oorsaak daarvan dat God sy aangesig vir hulle verberg het.

Die lys van sondes is lank. "… julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtigheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg." Dis soos die Here hulle sien: "Hulle voete hardloop om kwaad te doen … hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie."

Jesaja bely namens die volk: "… ons oortredinge is baie voor U, en ons sondes getuig teen ons; want ons oortredinge staan voor ons, en ons ongeregtighede – ons ken hulle …" Hieronder tel afvalligheid en verloëning van die Here … die waarheid struikel op die mark. Vir diegene sonder berou en bekering profeteer Jesaja ondergang.

Vir dié wat God soek, kondig die profeet verlossing aan: "… vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE".

Berouvolle Christen, onthou: "… die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie." Nader tot God en Hy sal tot jou nader.

*Sing: Psalm 89:5*

*Ds. FJ du (Francois) T Lessing (Emeritus)*